**MEMORANDUM**

**KONSEP WYSIGING GOP 2022-2027 JAAR 3 IMPLEMENTERING 2025/2026**

**Geagte Raadslede**

**DOEL**
Die doel van hierdie Memorandum is om die redes te gee vir die voorstel om die Laingsburg Munisipaliteit se GOP te wysig vir die 2025/2026 boekjaar. Dit moet in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (32 van 2000) en die Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuur Regulasies, 2001.

**2. WETGEWENDE EN REGULATIESE VERWYSING**
Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels (32 van 2000)
Artikel 25: Aanneming van geïntegreerde ontwikkelingsplanne
(2) 'n Geïntegreerde ontwikkelingsplan wat deur 'n munisipale raad ingevolge subartikel (1) aanvaar is, kan ingevolge artikel 34 gewysig word en bly van krag totdat 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan deur die volgende verkose raad aanvaar word.
Artikel 34: Jaarlikse hersiening en wysiging van geïntegreerde ontwikkelingsplan
'n Munisipale raad –
(a) Moet sy geïntegreerde ontwikkelingsplan hersien –
(i) Jaarliks in ooreenstemming met 'n beoordeling van sy prestasiemetings ingevolge artikel 41; en
(ii) In die mate wat veranderende omstandighede dit vereis; en
(iii) Mag sy geïntegreerde ontwikkelingsplan in ooreenstemming met 'n voorgeskrewe proses wysig.

**Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuur Regulasie, 2001**
Afdeling 3: Proses vir die wysiging van geïntegreerde ontwikkelingsplanne
(1) - Slegs 'n lid of komitee van 'n munisipale raad mag 'n voorstel vir die wysiging van die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan by die raad indien.
(2) Enige voorstel vir die wysiging van 'n munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan moet -
(a) vergesel van 'n memorandum wat die redes vir die voorstel uiteensit; en
(b) belyn met die raamwerk wat ingevolge artikel 27 van die Wet aanvaar is.
(3) 'n Wysiging aan 'n munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan word aangeneem deur 'n besluit geneem deur 'n munisipale raad in ooreenstemming met die reëls en bevele van die raad.
(4) Geen wysiging aan 'n munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan mag deur die munisipale raad aanvaar word nie, tensy-
(a) al die lede van die raad redelike kennis gegee is;
(b) die voorgestelde wysiging vir 'n tydperk van minstens 21 dae vir publieke kommentaar gepubliseer is of word op 'n wyse wat die publiek 'n geleentheid bied om insae met betrekking tot die voorgestelde wysiging te rig;
c) die munisipaliteit, indien dit 'n distriksmunisipaliteit is, aan subregulasie (5) voldoen het; en
d) die munisipaliteit, indien dit 'n plaaslike munisipaliteit is, aan subregulasie (5) voldoen het.

**Redes vir die voorstel om die GOP te wysig**

In ooreenstemming met die Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuur Regulasies, word die redes vir die voorstel om die GOP te wysig in die tabel hieronder aangedui:

| | |
|---|---|
| **Hoofstuk 1** | As deel van die Strategiese beplanning wat projekte insluit was daar byvoegings nuwe projekte |
| **Hoofstuk 2** | Die Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk wat hersien en gewysig word was hierdie hoofstuk aangepas met huidige inligting en statistieke |
| **Hoofstuk 3** | Opdatering van MTEF allokasies |
| **Hoofstuk 7** | Opdatering en aanpassings van huidige posisie as dit kom by die wysiging en hersiening van die Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk en die Intergreerde Afvalbestuur Plan |

Hierdie wysinging moet ook in lyn wees met die Distrik se GOP Raamwerk.

Die uwe

AKleinbooi

..........................................

**Amanda Kleinbooi**
**Uitvoerende Burgemeester**

# MUNISIPALITEIT • LAINGSBURG • MUNICIPALITY

Munisipale Geboue, Van Riebeeckstraat

PRIVAATSAK X4
LAINGSBURG
6900

Municipal Buildings, Van Riebeeck Street

PRIVATE BAG X4
LAINGSBURG
6900

## VOORLEGGINGVORM

| | |
|---|---|
| **RAADSVERGADERING** | 31 Maart 2025 |
| **DEPARTEMENT** | Korporatiewe Dienste |
| **SKRYWER** | Arthur Abrahams |
| **POSBENAMING** | GOP / PMS Koördineerder |
| **KONTAKNOMMER** | 023 5511019 / 060 676 7099 |
| **DATUM** | 20 Maart 2025 |
| **ITEM ONDERWERP EN ITEM NOMMER** | Konsep Gewysigde GOP 2022/2027 – Jaar 3 Hersiening |

**ONDERWERP**

Konsep GOP Dokument Jaar Wysiging

**DOEL VAN DIE VERSLAG**

Hierdie is 'n oorsig verslag van die 5 Jaar GOP Dokument en die implementering van die Dokument. Die dokument word jaarliks hersien of gewysig om 'n aanduiding te gee dat alles geimplementeer was soos beplan. Hierdie dokument dui ook aan wat vir die nuwe boekjaar beplan word. Die rede hoekom die dokument gewysig is, is omdat daar statistieke verander het, daar is ook 3 nuwe projekte wat inlsuit die opgradering van die Laingsburg Waste Water Treatment Work, fase 2 van die Bergsig Sportkompleks en die Yellow Fleet Waste Management wat vir vaste afval verwydering gebruik sal word. Hoofstuk 7 moes aangepas word oor die Review / Amendment van die Spatial Development Framework en die Integrated Waste Management Plan.

**AANBEVELING**

Dat die Munisipale Raad hierdie dokument goedkeur.